

Die gesin – ’n band van blywende geloof



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Handelinge 10:1-28, 34, 35; 1 Korintiërs 2:2; 1 Tessalonicense 5:21, 22; Johannes 1:12, 13 en 3:7; asook 1 Johannes 5:1.

Geheeteks:

“Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God” (*Hebreërs 12:1, 2; NAB*).

Ongeag die lewensfase waarin jy jou bevind of die dinge wat jy moes deurmaak of die uitdagings wat nog vir jou voorlê – een ding is seker: In die toneelstuk van die lewe hang daar altyd ’n agtergrondskildery, dié van kultuur. Dit raak ’n mens, op ’n diepgaande wyse, en almal word daardeur geraak – ons ouers en ons kinders, ons huis- en selfs ons kerkgesinne. Hoewel ander faktore ook ’n rol te speel gehad het, is die oorsakeling van Sabbats- na Sondagviering ’n sprekende voorbeeld van die diepgaande en negatiewe uitwerking wat vanmelewe se populêre kultuur op die kerk gehad het. Elke advertensiebord wat ’n bepaalde kerk of gemeente se Sondagdienste adverteer, is ’n stille dog duidelike herinnering aan die mag wat kultuur oor die mens het, asook die verreikende gevolge wat dit het. Christelike gesinne konfronteer periodiek kultuurgebonde uitdagings. Soms het kultuur ’n goeie invloed, maar ongelukkig is dit geneig om meer negatief te wees. Die goeie nuus is dat ons deur die krag van die evangelie die nodige lig, vertroosting en wilskrag het om die uitdagings wat kultuur bring, te hanteer. Ons sal aanstons sien hoe gesinne gelowig kan bly, terwyl die lede tesame die volgende opdrag uitleef: “Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld” (*Fil. 2:15, NAB*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 Junie.*

Hou vas aan die goeie

Soos wat die evangelie om die wêreld reik, kom die kerk verskillende kulture en kulturele praktyke teë, waarvan baie met gesins- en maatskaplike bande te doen het. 'n Moeilike dog belangrike vraagstuk vir Christelike sendelinge is: Hoe vind 'n mens aansluiting by die onderskeie kultuurgebonde norms, norms wat so baie lewensfasette dek? Hoe gemaak met voorskrifte oor gesinsverhoudinge waarmee 'n mens jou nie lekker kan vereenselwig nie.

Lees Handeling 10:1-28, 34, 35. Die Christen behoort sy of haar vooropgesette idees en vooroordele oor ander kulture te oorbrug. Wat leer ons uit die vermelde skrifgedeelte in dié verband?

Christus het vir elkeen op aarde kom sterwe. Tog is dit 'n kernwaarheid wat nog tot baie moet deurdring. Om hierdie nuus op so 'n wyse te verkondig dat dit ook die ontvanger 'n kans gun om daarop te reageer, is elke Christen se groot opdrag. Aangesien God onpartydig in sy genade is, word alle gelowiges geroep om almal met respek en integriteit te behandel. Elkeen moet dus die nodige beweegruimte ontvang om die blye boodskap, wat ook vir hom of haar is, aan te neem.

Tot watter gevolgtrekking het die vroeë Christelike sendelinge aangaande die verkondiging van die evangelie aan mense buite die Jodedom gekom? Watter beginsels kan 'n mens daaruit put? Hand. 15:19, 20, 28, 29; 1 Kor. 2:2 en 1 Tess. 5:21, 22.

Hoewel alle kulture die gevalle aard van die mensdom in bepaalde praktyke weerspieël, bevat hulle ook idees wat versoenbaar met die evangelie is. Daar is selfs party elemente wat bevorderlik vir die evangelie is. Die waarde wat byvoorbeeld in baie wêrelddele aan noue interpersoonlike bande binne gesins- en gemeenskapsverband geheg word, is 'n sprekende voorbeeld. Christene kan al die goeie in 'n kultuur, wat terselfdertyd Bybels is, voorstaan en uitbou. Tog moet bybelwaarheid nie ondermyn word nie. Kerkgeskiedenis skilder 'n sombere laslappieprentjie – van 'n magdom vals oortuigings wat via kulturele kompromie en aanpassing by die Christelike leer gevoeg is, oortuigings wat op die oog af eg lyk. Onthou net: Satan doen homself as die god van hierdie wêreld voor en hou daarvan om verwarring te saai. Gelukkig het Jesus die wêreld kom red. As volgelingen van Christus skenk Hy ons sy Gees, die Gees wat ons in alle waarheid lei (*Joh. 16:13*).

In hoe 'n mate word jou geloof deur kultuur gevorm? In hoe 'n mate is dit suiwer bybelwaarheid? Hoe onderskei 'n mens tussen die twee? Hou jou antwoord gereed vir 'n bespreking in klastyd.

Kultuur se mag oor die gesin

“Ek het hom gekies sodat hy sy seuns en hulle gesinne kan opvoed om aan die Here gehoorsaam te wees deur te doen wat goed en reg is sodat Ek vir hom alles kan doen wat Ek hom belowe het” (*Gen. 18:19, NLV*).

Hoewel die gesin vele vorms aanneem, is en bly dit die boustene van die gemeenskap. Die unieke kulturele eienskappe wat ’n mens in bepaalde lande of streke bespeur, kan direk na die gesinseenheid teruggevoer word. Let byvoorbeeld op die volgende gebruike: In die een antieke kultuur moes ’n man die kadawers van sy afgestorwe ouers eet. In ’n ander moes die voornemende bruidegom ’n klompie gekrimpte koppe van die mededingende stam as bruidskat aan sy skoonpa gee. In die hedendaagse wêreld het ons steeds ’n magdom uiteenlopende idees oor dinge soos ouer- en kindskap, asook hofmakery, trou, egskeiding, e.s.m. Namate die evangelie al hierdie uiteenlopende kulture bereik, sal die gelowige moet leer hoe om aansluiting by die mense uit daardie kulture te vind; maar sonder om ons oortuigings te kompromitteer, en boonop op ’n wyse wat onnodige wrywing sal vermy. Terselfdertyd moet ons ook op ons eie land en streek se kulturele invloede let, en die impak wat dit op tuisfront – in ons eie gesinne – het.

Gen. 16:1–3 _____

Gen. 35:1–4 _____

Esra 10 _____

1 Kon. 11:1 _____

Nie een van ons leef in ’n kokon nie. Die kultuur waarin ’n mens jou bestaan het, het ’n uitwerking op ieder en elk – die individu, die gesin en die familie. Dit is die Christen se verantwoordelikheid om êrens ’n gaatjie in daardie kultuur te vind – jy behou die dele wat strook met jou geloof; en verwerp, sover moontlik, alles wat in stryd daarmee is.

Watter dele van jou kultuur is bevorderlik vir die gesinslewe en strook ook met die Bybel? Watter ondermyn die gesin en die Bybel? Wat is die beste manier om jou geloof aansluiting by jou kultuur te laat vind, maar sonder om fundamentele bybelwaarhede in die gedrang te bring?

Die gesin – tesame deur tye van verandering

Verandering is onafwendbaar en verontrustend, ongeag die kultuur waarin die huisgesin hulle bevind. Party veranderings hou verband met die fases van die lewensgang en is derhalwe voorspelbaar. Tog is daar baie ander wat 'n mens skielik oorval – soos siektes, sterftes, natuurrampe, verhuisings, oorloë en mislukte loopbane. In baie lande en gemeenskappe staan talle gesinne negatiewe ekonomiese en maatskaplike veranderings in die gesig. Ander veranderings hou weer meer direk verband met kultuur.

Hier is nou enkele voorbeelde van groot – en selfs traumatiese – gebeure wat bybelfigure in die gesin moes stuur. Gebruik jou verbeelding en probeer in daardie persone se skoene te staan. Vra telkens: Watter impak het hierdie verandering op die gesin (of gesinsgroep) gehad? Wat sou my hanteringstrategie gewees het? In watter opsig sou ek anders as die betrokke partye gereageer het?

Abraham, Sara en Lot (*Gen. 12:1-5*)

Hadassa (*Ester 2:7-9*)

Daniël, Gananja, Misael en Asarja (*Dan. 1*)

Met verandering kom gevoelens van verlies, onsekerheid en angst oor die afsienbare toekoms. Afhangende van die gesin se aanpassingsvermoë, kan hierdie ervarings die gesin óf tot nuwe hoogtes in die geloof en 'n dieper waardering vir geestelike dinge lei óf meer angst en spanning meebring. Verandering bring ontwrigting en Satan buit dit uit; in die hoop dat dit vertwyfeling en wantroue in God sal wek. Die beloftes in Gods Woord; die hulp en ondersteuning van huisgenote, familie en vriende; asook die versekering dat sy of haar lewe in God se hande is, het egter menige geloofsheld te midde van onstuimige veranderings en omwentelings deurgedra.

Ken jy iemand (of dalk 'n hele gesin) wat tans traumatiese verandering beleef? Bring hulp en vertroosting aan daardie persoon of gesinnetjie deur iets konkreets vir hom/ haar/ hulle te doen.

Onthou die stigters en hul geloof

Watter geloofskrisis het in Israel ontstaan na die dood van Josua-hulle se geslag? Rig. 2:7-13.

Binne organisasies (waarvan kerke 'n voorbeeld is) word waardes en oortuigings van een geslag na die volgende oorgedra. Navorsing in dié verband toon dat stigterslede gewoonlik vreeslik toegewyd aan hul oortuigings is. Die geskiedenis toon dat hulle immers die ontdekkers van iets nuuts (of herontdekkers van vergete kennis) was. Dan, net mooitjies 'n geslag of wat later, word die dryfvere – die grondbeginsels – van daardie organisasie se waardestelsel uit die oog verloor. Lidmaatskap word dan hoofsaaklik 'n gewoonte. In die daaropvolgende geslagte neem daardie gewoontes 'n vaste vorm aan – dit verander in 'n tradisie. Weg is die stigterslede se passie.

Let op die siening, “God het geen kleinkinders nie, net kinders.” Wat dink jy beteken dit? Lees ook Joh. 1:12, 13 en 3:7; asook 1 Joh. 5:1.

'n Algemene benadering tot die oordrag van waardes binne die Christendom se magdom opeenvolgende geslagte, was en is vir die ouer geslagte om bloot hul oortuigings aan die jonger geslagte oor te dra. Om te hoor wat jou ouers of wat jou kerkgenootskap glo, kom egter nie op persoonlike oortuiging neer nie. Die uitleef van 'n mens se Christenskap behels meer as net lidmaatskap asook die historiese en dogmatiese erfenis wat daarmee saamgaan. Ware geloof is nie in jou gene nie. Dit is nie 'n aangebore ding by die nuwe geslag nie. Elke gelowige moet 'n eerstehandse ontmoeting en vriendskap met Christus hê. Die ma en pa doen hul beste, maar die res is die kind se verantwoordelikheid. Die kerk as gesin, en veral die ouers, moet alles in die stryd werp om die regte soort leeromgewing vir jongmense te skep, een wat 'n aangetrokkenheid tot die regte keuse by hulle sal wek. Tog is die behoud of verloor van 'n geslag vir Christus uiteindelik iets wat op persoonsvlak geskied.

Joe, wat eens op 'n tyd 'n ateïs was, het in sy volwasse jare 'n Sewendedag-Adventis geword nadat hy 'n roerende bekering gehad het. Later trou hy toe met 'n Adventiste-vrou. In die daaropvolgende jare voeg hulle 'n paar kinders by, wat hulle natuurlik in die kerk grootmaak. Op 'n dag sit en dink Joe aan sy kinders se geestelike lewens. In 'n stadium sê hy: “Ai, as my kinders net dieselfde bekering as ek kan hê!” Gestel jy kon op daardie oomblik by hom wees. Wat sou jy aan hom wou sê?

Steeds blymoedige boodskappers van die blye Boodskap

In Afrikaans word die evangelie dikwels, en heel gepas, ook die blye boodskap genoem. Dit is die goeie nuus wat oorgedra (of selfs afgelewer) moet word, sodat die ganse wêreld dit kan hoor. Vir die Christelike gesin is daardie goeie nuus 'n roeping – om dit te lewe en te lees, en terselfdertyd uit te leef – binne die kulturele konteks waarin die huisgenote hulle bevind.

Hoe sou jy die blye boodskap m.b.v. die volgende teksverse en skrifgedeeltes opsom? Matt. 28:5-7; Joh. 3:16; Rom. 1:16, 17; 1 Kor. 2:2 en 2 Kor. 5:18-21.

Die heel eerste goeie nuus waarmee die dissipels die strate in gevaar het, was dié oor die opstanding van Jesus. Sedertdien vorm die Christelike gesin 'n onafgebroke tradisie van blymoedige boodskappers wat die blye boodskap bring. Van geslag tot geslag bring ons die goeie tyding: “Hy is uit die dood opgewek!” (*Matt. 28:7, NAB*). Die feit dat Jesus werklik uit die dood opgestaan het, maak al die ander dinge wat Hy oor Homself gesê het – oor God die Vader en sy liefde vir ons, oor vergifnis, en oor die versekering dat ons die ewige lewe ontvang deur in Hom te glo – waar.

Passievol oor die blye boodskap. In die Skrif sien 'n mens periodiek watter ingrypende uitwerking die evangelie op die lewens van Jesus se eerste volgelinge gehad het – die beskikbaarstelling van hul huise vir bybelstudie, die saam eet en bid, die deel van geld en besittings, die een wat die ander versorg. Ganse huishoudings het die evangelie aangehoor en tot inkeer gekom. Dit laat 'n mens wonder: Het hulle oornag so voorbeeldig geraak? Allermens. Het hulle nie soms stry gekry en koggestamp nie? Natuurlik. Tog was die eerste Christene uniek. Hoe so? Hulle het nie geskroom om te sê: “Ek het behoefte aan God en aan my kerkgesin” nie. Voorts het hulle Jesus se Getsemane-gebed (*Joh. 17:20-23*) probeer uitleef, deur toe te sien dat eenheid en harmonie in die huis- en kerkgesin voorrang geniet. Boonop het hulle onverskrokke teenoor mekaar, en voor ongelowiges vir Christus getuig, en het selfs hul lewens ter wille van die evangelie op die spel geplaas.

So moet dit by die moderne gelowige ook wees. Die hedendaagse samelewing blyk egter 'n bietjie lank in die tand vir geestelike dinge te wees. Tog luister mense darem nog as iemand met passie praat. Die Gees is gretig om 'n geesdrif vir die evangelie by elke mens aan te wakker. Wanneer die blye boodskap egter net so verblydend in die hart van die gelowige as in die Woord is, sal die uitdra daarvan sommer spontaan en onstuitbaar wees.

Tot die verkondiging van goeie nuus is ons geroepe. Watter veranderings sal jy en jou huismense tesame moet maak, sodat julle “blymoedige boodskappers” van die “blye boodskap” kan wees?

Vir verdere studie:

Ellen G. White-geskrifte – “In the Court of Babylon” (bl. 479-490) in *Prophets and Kings*, “Words of Caution” (bl. 324, 329) en “No Respect of Persons With God” (bl. 330, 331) in *Gospel Workers*, asook “Rejoicing in the Lord” (bl. 115-126) in *Steps to Christ*. God tref nie onderskeid nie. “Die godsdiens wat uit Christus voortvloei, lei die ontvanger tot ’n meer verhewe lewe, in denke en dade. Terselfdertyd toon dit dat die liefde van God, in ’n gelyke maat, vir ieder en elk bestem is; ’n genadegawe wat deur soendood van sy Seun bekom is. Aan die voete van Christus sit almal tesame – ryk en arm, geleerd en oningelig – sonder om hulle enigins aan dinge soos klas of status te steur. Die mens tref onderskeid, maar met die oog gevestig op die Een wat vir ons sondes deurboor is, verdwyn al daardie dinge. Let op die mate waartoe die Hemelkoning Homself ontsê en verlaag het. Let op sy weergalose medelye vir die mens. Vergelyk dit nou met ons trots, selfvoldaanheid en standbewustheid. Wat ’n skande! [Nee.] suiwer en onverdraaide godsdiens toon juis die hemelse aard van sy beginsels wanneer dit almal wat deur die waarheid geheilig word, byeenbring en vereniging. Almal kom byeen as vrygekooptes in die gekruisigde Christus, almal ewe afhanklik van die Een wat hulle deur sy bloed aan die Vader terugbesorg het” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 330).

Vrae vir bespreking:

1. Bekyk nou die lede se onderskeie antwoorde op Sondag se slotvraag.
2. Watter beginsels kan ’n mens uit die bovermelde Ellen G. White-aanhaling put, wat in praktyk ’n omwenteling in die gesinslewe kan meebring?
3. Dink aan die gemeente se nuwe geslag gelowiges. Hoe vaar julle met die rig van julle kleinspan en tieners? Wat kan die Volwasse Sabbatskoolklas doen om die kerk hierin by te staan?
4. Watter uitdagings bring geloofsoordrag tussen die ouer en jonger geslagte mee?
5. In hoe ’n mate het die heersende kultuur ’n goeie impak op jou gesin? In hoe ’n mate is daardie invloed ten kwade?